

LATYN TWEEDE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n Antwoordblad.
 2. Lees die vrae noukeurig deur.
 3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en EEN vraag uit Afdeling B.
 4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
 5. Antwoorde moet volgens die instruksies op die Antwoordblad geskryf word.
 6. Lewer asseblief jou Antwoordblad saam met jou Antwoordboek in. Vul asseblief jou eksamennommer op die Antwoordblad in.
 7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

AFDELING A VOORGESKREWE WERKE**VRAAG 1**

exigua parte aestatis reliqua Caesar, etsi in his locis, quod omnis Gallia ad septentriones vergit, maturae sunt hiemes, tamen in Britanniam proficisci contendit. si tempus anni ad bellum gerendum deficeret, tamen magno sibi usui fore arbitrabatur. neque enim temere praeter mercatores illo adit quisquam neque eis ipsis quicquam praeter oram maritimam atque eas regiones quae sunt contra Gallias notum est. 5

ad haec cognoscenda, prius quam periculum faceret, idoneum esse arbitratus C. Volusenum cum navi longa praemittit. huic mandat ut exploratis omnibus rebus ad se quam primum revertatur. Volusenus, perspectis regionibus omnibus quantum ei facultatis dari potuit qui navi egredi ac barbaris committere non auderet, quinto die ad Caesarem revertitur. 10

[Caesar, De Bello Gallico, IV, 20]

- 1.1 Vertaal bostaande uittreksel in Afrikaans. (30)
- 1.2 Wat was Caesar se dringende rede om met die Britte af te reken? (2)
- 1.3 In reël 6 word daar verwys na inligting oor Brittanje waarom Caesar meer moes uitvind. Gee twee voorbeelde van sodanige bykomende inligting. (4)
- 1.4 Gee twee redes waarom die handelaars wat met Brittanje handel gedryf het vir Caesar van geen hulp was nie. (4)
- 1.5 1.5.1 Het die stuur van Volusenus na Brittanje Caesar se kennis verryk? Verduidelik jou antwoord met verwysing na die teks. (2)
- 1.5.2 Wat is Caesar se houding teenoor Volusenus? Ondersteun jou antwoord met bewyse uit die teks. (2)

[44]

VRAAG 2

hic Verres hereditatem sibi venisse arbitratus est, quod in eius regnum ac manus venerat is, quem iste et audierat multa secum praeclara habere et suspicabatur. mittit homini munera satis large haec ad usum domesticum: olei, vini quod visum est, etiam tritici quod satis esset, de suis decumis. deinde ipsum regem ad cenam vocavit. exornat ample magnificeque triclinium; exponit ea, quibus abundabat, plurima et pulcherrima vasa argentea; nam haec aurea nondum fecerat; omnibus curat rebus instructum et paratum ut sit convivium. quid multa? rex ita discessit, ut et ipsum copiose ornatum et se honorifice acceptum arbitraretur.

[Cicero: In Verrem IV, 62]

- 2.1 Vertaal bostaande uittreksel in Afrikaans. (30)
- 2.2 2.2.1 Verduidelik wat die '*decuma*' (reël 4) was. Hoe is dit gebruik? (3)
- 2.2.2 Weerspreek Cicero se gebruik van die besitlike byvoeglike naamwoord '*suis*' (reël 4) hierdie gebruik? Regverdig jou antwoord. (2)
- 2.3 2.3.1 In reëls 5 en 6 gebruik Cicero die Teenwoordige Tyd in die volgende werkwoorde: *exornat*, *exponit*, *curat*. Wat word hierdie gebruik van die teenwoordige tyd genoem? (1)
- 2.3.2 Wat het Cicero bereik deur hierdie literêre truuk te gebruik? (2)
- 2.3.3 In reëls 3 – 6 druk Cicero homself uit met 'n opeenvolging van kort gedagtes. Watter effek bereik hy hierdeur? (2)
- 2.4 Verres was uiters gasvry in sy behandeling van Antiochus. Wat was Verres se bybedoeling daarmee om die prins op hierdie wyse te trakteer? Wat wou hy bereik? (2)

[42]

VRAAG 3

vestibulum ante ipsum primisque in faucibus Orci
 Luctus et ultrices posuere cubilia Curae,
 pallentesque habitant Morbi tristisque Senectus,
 et Metus et malesuada Fames ac turpis Egestas,
 terribiles visu formae, Letumque Labosque; 5
 tum consanguineus Leti Sopor et mala mentis
 Gaudia, mortiferumque adverso in limine Bellum,
 ferreique Eumenidum thalami et Discordia demens
 vipereum crinem vittis innexa cruentis ...
 Aeneas strictamque aciem venientibus offert, 10
 et ni docta comes tenues sine corpore vitas
 admoneat volitare cava sub imagine formae,
 inruat et frustra ferro diverberet umbras.

[Virgil, Aeneid, Boek VI, 273-281; 291-294]

- 3.1 Vertaal bostaande uittreksel in Afrikaans. (20)
- 3.2 Van watter twee take, soos deur die Sibylle beskryf, het toegang tot die Onderwêreld vir Aeneas afgehang? (4)
- 3.3 Gee 'n rede waarom '*Fames*' as '*malesuada*' (reël 4) en '*Sopor*' as '*consanguineus Leti*' (reël 6) beskryf word. (4)
- 3.4 Wie was die '*Eumenides*' (reël 8) in die klassieke mitologie? Beskryf hulle kortliks. Wat was hul taak? (3)
- 3.5 Wat was presies in die middel van hierdie ingang tot die Onderwêreld geleë en wat was die besondere kenmerk daarvan? (2)
- 3.6 Verduidelik hoe die versmaat van die volgende reël die betekenis daarvan versterk: (2)
-
- 3.7 Skandeer reëls 1 en 8, merk enige elisies wat voorkom, asook die kwantiteite, en dui die versvoete en belangrikste *caesura* in elke reël aan.

Doen hierdie vraag asseblief op die afsonderlike Antwoordblad wat voorsien word en plaas dit voor in jou Antwoordboek.

(5)
[40]

VRAAG 4

Daedalus interea Creten longumque perosus
 exsilium, tactusque loci natalis amore,
 clausus erat pelago. 'terras licet' inquit 'et undas
 obstruat, at caelum certe patet; ibimus illac!
 omnia possideat, non possidet aera Minos.'
 dixit et ignotas animum dimittit in artes,
 naturamque novat. nam ponit in ordine pennas,
 ut clivo crevisse putes; sic rustica quondam
 fistula disparibus paulatim surgit avenis.
 tum lino medias et ceris adligat imas,
 atque ita compositas parvo curvamine flectit,
 ut veras imitetur aves. puer Icarus una
 stabat ...

5

10

[Ovidius, Metamorphoses VIII. 183-195]

- 4.1 Vertaal bostaande uittreksel in Afrikaans. (20)
- 4.2 4.2.1 Waarom was Daedalus in Kreta? (2)
- 4.2.2 Stel 'n rede voor waarom hy daar in ballingskap aangehou is. (2)
- 4.2.3 Waar is Daedalus se '*locus natalis*' (reël 2)? (1)
- 4.3 Lewer kommentaar op die effektiwiteit van Ovidius se vergelyking in reëls 8 en 9. (2)
- 4.4 Verduidelik watter effek deur Ovidius se doelbewuste woordorde '*puer Icarus*' (reël 12) bereik word. (2)
- 4.5 Skandeer reëls 10 en 11, merk enige elisies wat voorkom, asook die kwantiteite, en dui die versvoete en belangrikste *caesura* in elke reël aan.

Doen hierdie vraag asseblief op die afsonderlike Antwoordblad wat voorsien word en plaas dit voor in jou Antwoordboek.

(5)
[34]

160 punte

AFDELING B**BEANTWOORD ASSEBLIEF ÓF VRAAG 5 ÓF VRAAG 6****VRAAG 5 GRAMMATIKALE EN SINTAKTIESE GEBRUIK**

Lees elke stuk en beantwoord die vrae wat volg.

Let wel: Elke groep vrae hou verband met die uittreksel wat onmiddellik voor die groep vrae verskyn.

exigua parte aestatis reliqua Caesar, etsi in his locis, quod omnis Gallia ad septentriones vergit, maturae sunt hiemes, tamen in Britanniam proficisci contendit. si tempus anni ad bellum gerendum **deficeret**, tamen **magno** sibi **usui fore** arbitratur neque enim temere praeter mercatores illo adit quisquam neque eis ipsis quicquam praeter oram maritimam atque eas regiones quae sunt contra Gallias notum est. 5
ad haec cognoscenda, prius quam periculum faceret, idoneum esse arbitratus C. Volusenum cum navi longa praemittit. **huic** mandat ut exploratis omnibus rebus ad se quam primum **revertatur**. Volusenus, perspectis regionibus omnibus quantum ei **facultatis** dari potuit qui navi egredi ac barbaris committere non **auderet**, quinto die ad Caesarem revertitur. 10

5.1 Soek in die stuk 'n voorbeeld van:

5.1.1 'n Ablatief Absoluut-konstruksie

5.1.2 Gerundivum-aantrekking (ad + Gerundivum wat doel uitdruk) (2)

5.2 Noem die tyd en modus en verklaar die modus van:

5.2.1 **deficeret** (reël 3)

5.2.2 **revertatur** (reël 8)

5.2.3 **auderet** (reël 9) (6)

5.3 Noem en verklaar die naamval van elk van die volgende:

5.3.1 **magno usui** (reël 3)

5.3.2 **huic** (reël 7)

5.3.3 **facultatis** (reël 9) (6)

5.4 Watter vorm van die werkwoord is '*fore*' (reël 3)? Waarom word hierdie vorm van die werkwoord in hierdie sin gebruik? (2)

hic Verres hereditatem sibi venisse arbitratus est, **quod** in eius regnum ac manus venerat is, quem iste et audierat multa secum praeclara **habere** et suspicabatur. mittit homini munera satis large haec ad usum domesticum: olei, vini **quod** visum est, etiam tritici quod satis esset, de suis decumis. deinde ipsum regem ad cenam vocavit. exornat ample magnificeque triclinium; exponit ea, **quibus** abundabat, plurima et pulcherrima vasa argentea; nam haec aurea nondum fecerat; omnibus curat rebus instructum et paratum ut **sit** convivium. quid multa? rex ita discessit, ut et ipsum copiose ornatum et se honorifice acceptum **arbitraretur**. 5

- 5.5 Vergelyk en verduidelik die verskillende gebruike van die woord '*quod*' in reël 1 en reël 3. (2)
- 5.6 '*Habere*' (reël 2) is die Teenwoordige Infinitief in 'n Indirekte Stelling (Akkusatief-en-Infinitief-konstruksie). Watter woord is die Akkusatief? (1)
- 5.7 Noem die tyd en modus en verklaar die modus van:
- 5.7.1 sit (reël 7)
- 5.7.2 arbitraretur (reël 8) (4)
- 5.8 Noem en verklaar die naamval van:
- quibus (reël 5) (2)

vestibulum ante ipsum primisque in faucibus Orci
 Luctus et ultrices **posuere** cubilia Curae,
 pallentesque habitant Morbi tristisque Senectus,
 et Metus et malesuada Fames ac turpis Egestas,
 terribiles **visu** formae, Letumque Labosque;
 tum consanguineus Leti Sopor et mala mentis
 Gaudia, mortiferumque adverso in limine Bellum,
 ferreique Eumenidum thalami et Discordia demens
 vipereum crinem vittis innexa cruentis ...
 Aeneas strictamque aciem **venientibus** offert,
 et ni docta comes tenues sine corpore vitas
admoneat volitare cava sub imagine formae,
 inruat et frustra ferro diverberet umbras.

5

10

- 5.9 Gee die alternatiewe vorm van '*posuere*' (reël 2). (1)
- 5.10 Noem en verklaar die naamval van die volgende:
- 5.10.1 visu (reël 5)
- 5.10.2 venientibus (reël 10) (4)
- 5.11 5.11.1 Noem die tyd en modus en verklaar die modus van:
- admoneat (reël 11) (2)
- 5.11.2 Watter tyd sou in die klassieke prosa vir hierdie werkwoord gebruik word? (1)

Daedalus interea Creten longumque perosus
 exsilium, tactusque **loci natalis** amore,
 clausus erat pelago. 'terras licet' inquit 'et undas
obstruat, at caelum certe patet; ibimus **illac**!
 omnia possideat, non possidet aera Minos.'
 dixit et ignotas animum dimittit in artes,
 naturamque novat. nam ponit in ordine pennas,
 ut clivo crevisse putes; sic rustica quondam
 fistula **disparibus** paulatim surgit **avenis**.
 tum lino medias et ceris adligat imas,
 atque ita compositas parvo curvamine flectit,
 ut veras imitetur aves. puer Icarus una
 stabat ...

5

10

- 5.12 Watter woordsoort is '*illac*' (reël 4)? (1)
- 5.13 Waarom is '*obstruat*' (reël 4) in die Subjunktiewe Modus? (2)
- 5.14 Noem en verklaar die naamvalle van:
- 5.14.1 *loci natalis* (reël 2)
- 5.14.2 *disparibus* *avenis* (reël 9) (4)
- [40]

OF

VRAAG 6 SINNE VIR VERTALING IN LATYN

Vertaal die volgende sinne in Latyn:

- 6.1 Caesar moes baie dinge oor Brittanje uitvind voordat hy na die eiland sou vertrek. (8)
- 6.2 Umbricius het besef dat hy om baie redes nie langer in Rome kon bly nie. (8)
- 6.3 Antiochus het Verres gevra om by sy huis te kom eet, maar hy het nie geweet wat daardie man wou hê nie. (10)
- 6.4 As Icarus sy vader Daedalus gehoorsaam het, sou hy nie in die see geval het nie. (6)
- 6.5 Charon verhoed nie die siele van die dooies om na die ander oewer van die rivier te gaan nie. (8)
- [40]

40 punte

Totaal: 200 punte